Woensdag 16 Maart
Skrifgedeelte: Spreuke 21:1-8
Fokusgedeelte: Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 36

Die owerheid is deur God daargestel

Die mag van leiers, selfs in ’n demokratiese bestel, is enorm. Die kruisie wat ’n mens elke verkiesing trek, doen nie veel om die gevoel van uitgelewer te wees, te besweer nie. Watter inspraak het ’n mens verder in politieke gebeure? Dit voel of die stem van ’n Christen maar ’n stem in die woestyn geword het.

Ons Skrifgedeelte wys egter op die teendeel (vs 1). Magtige leiers kan nie maar maak soos hulle wil nie. Al wil sommige mense politieke leiers se arms draai vir gunste en gawes, of hulle denke beïnvloed, of hulle voete op ‘n bepaalde pad plaas, die hart van die leier bly in God se hand: “Die koning se hart is in die hand van die Here” (AFR53). Elke owerheid word dus nie net deur God se beskikking daargestel nie (Rom 13:1), maar God is ook persoonlik betrokke by die besluite wat daardie owerheid neem.

Dit kan natuurlik gebeur dat leiers hulle harte verhard, en dat hulle God nie erken nie en ongehoorsaam is aan sy bevele. Die geskiedenis van die Israeliete en die Farao van Egipte wys wat in so ’n geval gebeur (Eks. 5-14). God laat Hom duidelik nie stuit deur ’n verharde leiershart nie.

Soos ’n boer kanaalwater lei om verskillende lande nat te maak, lei God die besluite van leiers soos dit in sy raad bepaal is (vs 1). Besluite wat nie in jou guns is nie, is dalk die vrugte van ’n verharde leiershart, maar dit kan ook wees dat dit dalk net nie jou “leibeurt” is nie! In albei gevalle moet ons gelowig en geduldig op die Here wag.

Sing: Psalm 31-1:7

Dr. WC Vergeer (Wim) (Krugersdorp)